**Skriflesing:** Hebreërs 4:12-16 en Efesiërs 6:10-17
**Tema:** Die Bybel as swaard.

Gewoonlik is dit ons as mense wat God se Woord ondersoek, ontleed, en haarfyn probeer vasstel wat met elke vers bedoel word.
Die skrywer van Hebreërs wys egter dat wanneer jy met God se Woord besig is, die Woord ook met jou besig is.
God se Woord is aktief, vol lewenskrag en energie en maak daarom ‘n verskil.
Ek kan onthou van ‘n Gideon wat vir ons vertel het van die getuienis van ‘n gevangene aan wie hulle ‘n Bybel uitgedeel het. Vir ‘n tyd lank het die gevangene die Bybel se bladsye gebruik om zolle mee te rol om te rook. Hy getuig: “Ek het die Bybel gerook, maar toe rook die Bybel my. Ek gee my lewe aan die Here en ek word sy getuie.”
So verander God lewens deur sy Woord.

Ons staan vandag stil by die Bybel as swaard. In Openbaring 1 beskryf Johannes wat hy sien toe die Here God aan Hom verskyn. In Openbaring 1:16 skryf hy dat hy ‘n skerp swaard met 2 snykante uit die Here se mond sien kom het. Sy woorde skei tussen lig en donker, goed en kwaad, lewe en dood en tussen hemel en hel.

Die Bybel is soos die ontleedmes van 'n chirurg wat mense se diepste gedagtes **blootlê**. Dit sny tot in ons onsigbare binneste en lê alles oop en bloot voor God. Dit vlek jou motiewe, wat altyd verborge was, oop. God se Woord maak jou bedoelings en gesindheid teenoor God duidelik.

Hierdie oopmaak is altyd om heel te maak en nie seer te maak nie.
Dit werk ‘n stuk vrede by ons. Soms is ons bang dat die Here sal hoor wat ons aangevang het en ons dra maskers om van Hom weg te kruip. Maar ons kan niks vir Hom wegsteek nie. Hy weet alles. Hy weet van sy liefde, vreugde en vrede in ons. Hy ken ons vrese en bekommernisse.

Hy ken my en jou gesindheid en waarom ons dinge doen, ook hier in die gemeente. Gaan dit oor my of gaan dit oor God? Soek jy jou eie eer en voordeel of is jy daarop ingestel om God te eer en sy wil te doen? Hy weet die dinge. Ons kan mense flous, maar ons kan absoluut niks vir God weggesteek nie.

Die Bybel lê ons broosheid voor God bloot, nie om ons seer te maak nie, maar om ons heel-, gesond- en vry te maak.

Hy ken ons sonde en mislukking, die goed waaroor ons skaam en bang voor Hom is. En Hy het medelye daarmee. Ons lees in Hebreërs 1:15: “15Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.”

Ons sondebesef en die feit dat God alles daarvan weet, maak ons nie moedeloos en betekenisloos nie. Dit maak ons weerloos voor God. Dit lei tot ‘n nuwe geloofsoorgawe aan Hom.

Wanneer besef dat ek sondig is, niks vir God kan wegsteek nie en ook niks daaraan kan doen nie, staan ek skuldig en broos voor Hom. Juis dan is dit soveel makliker om aan God oor te gee.
Dit maak dat ek saam met Paulus uitroep in die woorde van Romeine 7:24: "Ek ellendige mens, wie kan my van my doodsbestaan verlos?" Bybel lei my in die volgende vers na die antwoord op hierdie vraag: "Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus, ons Here!

Hoe verlos Hy ons van die sonde hier binne in ons?
Die taak van die priesters in die tyd van die Ou Testament was om mense in hulle verhouding met God te begelei. Om dit te doen het hulle God se voorskrifte aan die mense voorgehou, maar hul het ook by God vir die mense ingetree met diereoffers en gebede. Die priesters het op hierdie manier dus 'n soort middelaarsrol tussen God en mense beklee. Die Hoëpriester het een maal per jaar die allerheiligste deel van die tempel ingegaan om namens die volk te offer.

Jesus is die groot Hoëpriester. Hy bring nie 'n offer nie, Hy is die volmaakte offer in ons plek.

Hy het as Hoëpriester Homself in ons plek as sondaar voor God gestel. Hy het in ons plek kom sterf en opgestaan om ons sondes weg te neem. Hy is nou in die hemel omvir ons by God in te tree en en ons verhouding met God reg te stel.

In Christus is ons nie bang om ontbloot voor God te staan nie. Want ons weet Hy verwyder die sondes wat Hy in ons vind. Ons moet net gehoorsaam wees aan sy opdrag wat ons in 1 Joh 1:9 vind: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Die Here vergewe en verander ons. Ons is nie meer verloorders in sonde nie. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet. Vir ons gaan dit nie meer oor onsself nie. Ons soek en doen in alles die wil en eer van die Here.

Vir so 'n lewe tot sy eer, **bewapen of bemagtig** Hy ons met die Woord as swaard

Ons is is betrokke by 'n oorlog, nie teen mekaar nie, maar teen die duiwel en sy bose magte in die lug.
Die duiwel is daarop uit om ons as kerk te verslaan, te verdeel en te vernietig. In 1 Petrus 5:8 staan daar dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu opsoek na iemand om te verslind. Sonder die Here is ons magteloos teen die duiwel. Ons krag is in ons Almagtige Here, Hy rus ons toe met sy wapenrusting.

Die Bybel is ons swaard teen die duiwel en sy bose magte. Dit is ons wapen in die stryd teen kwaad, donker, verkeerd en dood.

Dankie Here vir U Woord wat ons oop en bloot voor U laat staan sodat U ons kan vrymaak, gesondmaak en heelmaak.
Dankie dat u Woord as swaard aktief, vol lewenskrag en energie 'n verskil maak in ons lewens en ons bewapen in ons stryd teen die bose. Amen